# *Viëtnam, Kambodja & Singapore*

## *9 tot 24 Oktober 2025*

Beleef die hoogtepunte van ***Viëtnam, Kambodja & Singapore*** met ons 16-dae groepstoer. Die spesiale groepstarief beloop **R51 990** per persoon en sluit twee goeie etes die meeste toerdae in.

### Reisplan

**Dag 1: Donderdag, 9 Oktober** **Kaapstad → Johannesburg →** [Aandete en ontbyt op vlugte]
Die groot dag breek uiteindelik aan! Ons vertrek vanaf Kaapstad en vanaf Johannesburg na Singapore aanboord die bekroonde ***Singapore Airlines***. Geniet die gemaksvoordele van die nuwe Airbus A350, wat *Singapore Airlines* op die direkte vlug tussen Suid-Afrika en Singapore gebruik. Oornag aanboord na aandete.

**Dag 2: Vrydag, 10 Oktober** **→ Singapore**
Na 'n vroeë ontbyt land ons vroegoggend in **Singapore**, een van die mooiste en skoonste stede in die wêreld. Ons reis per luukse bus na ons hotel in die middestad. Aangesien dit nog te vroeg is om by ons hotel in te bespreek, het ons 'n vier-ure besigtigingstoer op pad na die hotel. Ons stop vir besigtiging by die Botaniese Tuin (met sy eksotiese Nasionale Orgidieë-park, met meer as 20 000 orgidieë-plante), asook by die futuristiese *Gardens by the Bay*, met vrye tyd om dit te geniet.
Vroegmiddag arriveer om 15:00 by die sentraalgeleë ***Grand Pacific Hotel*** en is daar tyd om uit te pak en te rus. Ons het die res van die middag vry om die area rondom ons hotel te verken.

**Dag 3: Saterdag, 11 Oktober** **Singapore** [Ontbyt]
Na ontbyt het ons die dag vry om Singapore verder te verken en te geniet. Diegene wat nie iets op hulle eie wil doen nie, ontmoet vir Renhard om **09:00** in die voorportaal, om saam te stap na die bekende Orchardstraat. Ander opsies is 'n besoek aan die Jurong Voëlpark, of die Singapore Dieretuin, of 'n rit op die *Singapore Flyer*.



***Polsende Singapore-stad***



***Die skilderagtige Halongbaai***

**Dag 4: Sondag, 12 Oktober** **Singapore → Hanoi** [Ontbyt en aandete]
Na ontbyt en vrye tyd vertrek ons laat oggend na Changi lughawe in Singapore. Ons vlug vertrek vroegmiddag en.middagete word op die vlug bedien. Ons arriveer laatmiddag in **Hanoi**, die hoofstad van Viëtnam. Ons word deur ons toergids, David, ontmoet en ry per bus na die ***Golden Silk Boutique Hotel*** [http://goldensilkhotel.com] (4-ster hotel), waar ons die volgende drie nagte oorbly.

**Dag 5: Maandag, 13 Oktober** **Hanoi → Halongbaai → Hanoi** [Ontbyt en middagete]
Na ontbyt breek een van die hoogtepunte van ons toer aan, as ons vertrek na **Halongbaai**, Viëtnam se grootste natuurwonder en 'n *Wêreld Erfenis Gebied*. Ons spandeer die dag met 'n besondere bootvaart tussen die asemrowende 3 000 kalksteen-eilande, met hulle grotte en spelonke. Ons besoek ook die *Thien Cung* en *Dau Go* grotte. 'n Heerlike seekos-ete aanboord is ook ingesluit. Laatmiddag vertrek ons terug na Hanoi.
Aandete terug in Hanoi op eie tyd met vrye tyd.

**Dag 6: Dinsdag,14 Oktober** **Hanoi** [Ontbyt en middagete]
Na ontbyt vertrek ons per bus op 'n besigtigingstoer van Hanoi. Ons besoek onder andere Hochiminh's Mausoleum en sy nederige "*house on stilts*" en Hanoi Hilton. Na middagete in 'n plaaslike restaurant, is daar ook tyd vir inkopies in Hanoi se "*Old quarter*" met vrye tyd. Daar is 'n groot inkopiemark net 'n hanetreetjie vanaf ons hotel geleë. Vanaand beleef ons die unieke en bekende "water puppet show" (toegangsfooie ingesluit).

**Dag 7: Woensdag, 15 Oktober** **Hanoi → Hue** [Ontbyt- en middagete]
Na ontbyt vertrek ons sak-en-pak na die lughawe vir ons vlug na **Hue**. Ons arriveer laatoggend in Hue. Na middagete in 'n plaaslike restaurant neem ons bus ons na die wonderlike ***Pilgrimage Village Resort & Spa*** [www.pilgrimagevillage.com] (5-ster hotel) en daar is tyd om die hotel se fasiliteite te geniet.

**Dag 8: Donderdag, 16 Oktober** **Hue** [Ontbyt]
Na ontbyt besoek ons die hoogtepunte van Viëtnam se eertydse hoofstad. Die mooi *Parfuum-rivier* deel die stad in twee dele, en ons vaar met 'n boot op die rivier. Ons besoek ook die *Imperial Citadel* en die *Thien Mu Pagoda*. Die "Imperial City" is regtig iets besonders.
Ons het die res van die middag vry om te ontspan of verdere besigtiging te doen.

**Dag 9: Vrydag, 17 Oktober** **Hue → Danang → Hoian** [Ontbyt en middagete]
Na ontbyt vertrek ons per bus na die Hue-stasie vir 'n skilderagtige treinrit na Danang. Op pad na Hoian stop ons in Danang vir middagete en sien ons Danang se bekende "Dragon bridge". Na middagete ry ons suidwaarts verby die *Marble Mountains* en besoek 'n marmer-winkel. Daarna vertrek ons na die *Cam Thanh Coconut Jungle* om 'n vaart op die "basket boats" te geniet. Ons reis verder na die bekoorlike hawedorp **Hoian**. Ons bly die volgende twee nagte oor in die ***Vinh Hung Riverside Resort & Spa*** [www.vinghungresort.com] (4-ster hotel).

**Dag 10: Saterdag, 18 Oktober** **Hoian** [Ontbyt]
Die hotel is so goed en sentraal geleë vanaf die ou-stad van Hoian dat dit 'n vrye dag is om net Hoian met al sy pragtige kleure, winkels, markte en kanale te geniet en te verken. Renhard sal vir diegene wat die hoogtepunte van die ou-stad wil sien vergesel en al die mooi dele wys. Vir die wat ook bietjie wil ontspan in die hitte, daar is 'n heerlike swembad by die hotel wat teen die rivier geleë is.




***Hoian, met sy kleurryke lanterns, is een van die hoogtepunte van ons toer!***

**Dag 11: Sondag, 19 Oktober** **Hoian → Saigon (Ho Chi Minh City)** [Ontbyt en middagete]
Vroegoggend geniet ons ontbyt, waarna ons na die lughawe vertrek vir ons vlug na **Ho Chi Minh City**. Ons vertrek na Cu Chi. Ons stop op pad by 'n rubberplantasie om meer te leer oor hierdie natuurlike industrie in Viëtnam. Na nog 'n heerlike middagete besoek ons die beroemde Vietcong-tonnels in Cu Chi. Die tonnels strek oor bykans 250 km en het beskutting gebied aan 16 000 kommunistiese guerilla-vegters tydens die oorlog met Amerika. Ons bly die volgende twee nagte oor in die ***Odys Boutique Hotel*** [www.theodyshotel.com] (4-ster hotel).

**Dag 12: Maandag, 20 Oktober** **Saigon → Mekong Delta → Saigon** [Ontbyt, middag- en aandete]
Na ontbyt vertrek ons vir 'n voldag avontuur na die **Mekong Delta**. By *My Tho* gaan ons aanboord ons boot vir 'n vaart op die skilderagtige delta. Ons stop by van die eilande om plaaslike boere en hulle industrieë (insluitende 'n klapper-lekker fabriek en heuning-plaas) te besoek. Na 'n smaaklike middagete het ons nog 'n verrassing op die delta wat wag, voordat ons terugkeer na Saigon!
Vanaand geniet ons 'n heerlike rivier-boot aandete ervaring. Sien die stad met al sy liggies vanaf die water, terwyl ons getrakteer word met heerlike kos en tradisionele musiek en danse. Terug by die hotel kan ons die groot *Ben Thanh-mark* besoek en geniet.

**Dag 13: Dinsdag, 21 Oktober** **Saigon → Siem Riep** [Ontbyt en aandete]
Na ontbyt vertrek ons sak-en-pak van ons hotel en besoek ons die *Presidensiële Paleis*, *Notre Dame Katedraal* en die bekende oorlogsmuseum, voordat ons na die lughawe vertrek vir ons middag-vlug met *Vietnam Airlines* na **Siem Riep** in Kambodja. Ons bly die volgende twee nagte oor in die spesiale vyfster ***Angkor Miracle Resort & Spa*** [www.angkormiracle.com]. Vanmiddag besoek ons die ou mark van *Siem town* en daarna volg 'n heerlike aandete met 'n *Aspara Show*.
Laataand keer ons terug na ons hotel vir oornag.

**Dag 14: Woensdag, 22 Oktober** **Angkor Wat → Tonie Sap Lake** [Ontbyt en middagete]
Na ontbyt begin ons toer van hierdie besondere *Wêreld Erfenis Gebied*, wat bykans 1 000 jaar oud is. **Angkor Wat** word beskou as die grootste godsdienstige gebou in die wêreld, met amper een kilometer van gedaileerde uitgekerfde mure. Ons besoek ook die unieke *Ta Prohm*, wat 'n mens se asem wegslaan. Na middagete volg *Angkor Thom*, bekend as die "*Great City*", wat in die twaalfde eeu gebou is vir 150 000 inwoners.
Daarna vertrek ons na die *Tonie Sap-meer*, die grootste meer in Suidoos-Asië. Ons busrit neem ons deur pragtige natuurskoon. Ons vertrek op 'n bootrit op die meer en sien hoe die tradisionele mense van Kambodja lewe.
Laatmiddag vertrek ons terug na ons hotel en het ons tyd om lafenis te soek by ons hotel se swembadkompleks!

**Dag 15: Donderdag, 23 Oktober** **Siem Riep → Singapore** [Ontbyt en middagete]
Dit is ons laaste oggend in hierdie interessante land! Na 'n laaste heerlike buffet-ontbyt het ons vrye tyd om die hotel en omgewing te geniet.

Laatoggend vertrek ons sak en pak na die *Chantier Ecole-Artisan d'Angkor*, wat gestig is om die unieke Khmer-kuns te bevorder. Vroegmiddag vertrek ons na die lughawe vir ons vlug met *Singapore Airlines* na Singapore. Middagete word op die vlug bedien. Arriveer vroegaand in Singapore. Vrye tyd om die wêreld se beste lughawe te geniet.



***Ons toerlede belewe die Mekong Delta!***



***Die imponerende Angkor Wat***

**<u>Dag 16: Vrydag, 24 Oktober</u>** **Singapore → Johannesburg → Kaapstad**
Ons aansluitingsvlug met ***Singapore Airlines*** vertrek net na middernag vanaf Singapore. Maaltye word op ons vlug bedien. Die ses-uur tydsverskil gee ons darem 'n klompie ure om op die vlug te slaap! Na 'n wonderlike belewenis in ***Suidoos-Asië*** land ons vroegoggend in Johannesburg en Kaapstad.

## INGESLUIT BY DIE TOERKOSTE:

- ✓ Internasionale vlugte met ***Singapore Airlines*** in die ekonomiese klas vanaf en na Johannesburg (die verlengde binnelandse vlug van en na Kaapstad is beskikbaar teen 'n addisionele koste van R1 880).
- ✓ Twee binnelandse vlugte (vanaf Hanoi na Hue en vanaf Hoian na Ho Chi Minh City) en een streeksvlug (vanaf Ho Chi Minh City na Siem Riep).
- ✓ Lughawebelastings en brandstofheffings vir al die vlugte.
- ✓ Luukse busvervoer deurentyd met die dienste van Engelsprekende toergidse in Viëtnam en Kambodja.
- ✓ Alle tolgelde, parkeergelde en plaaslike belastings vir die duur van die toer.
- ✓ Verblyf in uitgesoekte vier- en vyfster hotelle soos in die reisplan uiteengesit.
- ✓ Twee etes bykans elke dag (meestal ontbyt en middagete), asook etes tydens vlugte.
- ✓ Alle besigtiging (met toegangsgelde waar nodig) soos in die reisplan uiteengesit.
- ✓ Treinrit van Hue ta Danang en vier spesiale boottritte op die Tonie Sap-meer, Halongbaai, Parfuum-rivier en Mekong Delta.
- ✓ Die dienste van 'n ervare toerleier deurentyd.

## LET ASSEBLIEF OP DIE VOLGENDE:

- Die toerkoste van **R51 990** is gebaseer op lugreisgelde en landreëlingskostes in September 2024 en is gebaseer op 'n wisselkoers van $1 = R18. Dit is onderhewig aan wisselkoers-veranderings.
- Visumkostes van ongeveer **R1 400** vir Viëtnam en Kambodja is nie ingesluit by die toerkoste nie. Ons sal help om ons groep se visums gesamentlik te bekom.
- Die bybetaling vir diegene wat 'n enkelkamer verlang is **R11 860**.
- Indien daar probleme met die bespreking van een van die genoemde hotelle mag ontstaan, sal daar van 'n soortgelyke hotel gebruik gemaak word.
- Groeps-reisversekering van ***TIC Europ Assistance*** is beskikbaar vir alle toerlede onder die ouderdom van 76 jaar teen **R480** vir die 16 dae (vir diegene bo 75 jaar is daar 'n bybetaling).
- Ten minste 28 passasiers moet deurgaans saamreis.
- 'n Deposito van **R6 500** moet so gou as moontlik vereffen word om 'n plek op die toer te verseker.
- Die balans van die reisgeld moet **voor 26 Julie 2025** vereffen word.
- Kredietkaartbetalings word ongelukkig nie aanvaar nie.

## HOE OM TE BESPREEK:

Voltooi die besprekingsvorm en vrywaringsvorm en e-pos dit aan info@vandyktours.co.za.
Deposito's moet inbetaal word op (of oorgeplaas word na) die volgende rekening by
Nedbank: 119 1533 964 Tak: George Takkode: 198 765
Rekeninghouer: Van Dyk Travel Tipe rekening: Lopende/Besigheids Verwysing: VIETNAM/ en u van
Kontak die toerleier, ***Renhard van Dyk***, vir enige verdere navrae:
Tel nr: 082 767 8400 Faks nr: 086 733 8987 E-pos: info@vandyktours.co.za

VAN DYK TOERE
INNOVERENDE KWALITEIT SEDERT 1995

SINGAPORE AIRLINES

europ assistance
you live we care